NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2025

AFDELING A LETTERKUNDE DRAMA

VRAAG 1 *Die Dag is Bros* deur Wessel Pretorius

LW: **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:

- **Eie, gepaste titel** wat die kandidaat se siening vasvang. (Die titel is opsioneel – m.a.w. as kandidaat geen titel gegee het nie, mag hulle nie benadeel word nie. Dit is egter tog 'n aanbeveling.)

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en dramaturg** te verwys, bv. *In Wessel Pretorius se drama Die dag is bros* [onderstreep in handgeskrewe teks] *(2017) ...*
- **Formuleer betoog:** *... word die onvoorspelbaarheid versterk deur die verskuilde betekenisse in die gedigte wat voorgedra word, die spronge terug na die verlede en deur Tertius wat as versinsel sy verskyning maak om Elsa te troos.*
- Verwoord **hoofargument** n.a.v. beplanning.

Paragrawe:

- Verskillende argumente word hier aangevoer wat die hoofargument (wat in die inleiding genoem is) ondersteun.
- In elke paragraaf word 'n argument bespreek – ondersteun met verwysings na en/of aanhalings uit die drama.

Moontlike argumente wat aangevoer kan word: (opskrifte slegs as hulpmiddel vir nasieners).

Die gedigte wat voorgedra/opgesê word:

- **"Klein ballade"** is 'n **mistieke gedig** waarin die soeke na heilige eenvoud by die geseënde huis van die timmerman, in die eenvoudige alledaagse gebruiksartikels soos 'n gedekte tafel en 'n botterspaan en die gesels en lag van huismense uitgebeeld word. In die gedig beweeg die spreker weg van die self af, maar keer uiteindelik weer terug na die self.
- Tertius bid tydens die kaping die laaste vier versreëls van "Klein ballade". Hy assosieer dit met 'n gelukkige tyd en dit bied ontvlugting tydens hierdie angswekkende gebeure en verhoed dat hy vrees of pyn ervaar.
- **"Die swart kombuis"** is 'n somber ruimte van doodsheid en verlatenheid. Daar is geen uitsig na buite of na binne nie – dit dui simbolies op uitsigloosheid. Die gedig skep 'n oorheersende gevoel van spookagtigheid, wat bydra tot die gevoel van onvoorspelbaarheid wat meegebring wil word in die drama. Die spesifieke verwysing na 'n "kombuis" is opvallend, omdat Elsa se kombuis die enigste uitgebeelde ruimte in die drama is en al die handelinge vind hier plaas. Alhoewel Elsa se kombuis reeds vroeg in die drama as 'n tipiese, huislike kombuis beskryf word waar daar 'n heerlike ete voorberei word en 'n koek sopas gebak is, skep "Die swart kombuis" onwillekeurig 'n ander gevoel by die leser/gehoor en dra dit by tot die onvoorspelbaarheid van die drama. Dit verbeeld Elsa se binnewêreld en die rede waarom sy Tertius nodig het om in haar "kombuis" te oorleef.
- **Die digbundel** wat Elsa as geskenk vir Brian koop, *Chokers and survivors*, verwys na peanut-butter-en-jêm-broodjies wat veral op die Kaapse Vlakte bekend is. Alhoewel Elsa se bedoeling met hierdie bundel goed is, skep die titel van die bundel wel 'n onheilspellende gevoel by die leser/gehoor.

IEB Copyright © 2025

- Die laaste vier versreëls in die gedig wat Brian uit hierdie bundel voorlees

  Moenie beweegie en moenie praatie
  Wan as jy nou beweeg
  En as jy nou jou mon oepmaak
  Gannie hele wêreld ytmekaa yt val

  dui as 'n waarskuwende vooruitskouing op wat gaan volg wanneer Brian kort daarna vir Elsa die waarheid vertel rondom sy aandeel aan die motorkaping (en Tertius se dood). Daarom dra dit by tot die onvoorspelbaarheid van die drama, omdat die leser die onheil aanvoel, maar geen idee het watter skokkende onthulling kort hierna gaan volg nie.

Terugflitse:

- Die eerste terugflits is wanneer Elsa skielik vir Tertius sê: "Maak vas, aapstert, ons ry amper. Moenie so draai nie, jy gaan laat wees vir skool ..." en Tertius dan, na 'n kort pouse, opmerk: "Is dit waar jy wil wees vandag?" Hier word reeds 'n gevoel van onvoorspelbaarheid geskep, omdat die gehoor/leser nie met sekerheid kan sê "waar" dit is wat Elsa vandag wil wees nie.
- Volgens die toneelaanwysings word Tertius dan 'n twaalfjarige seun in die gedaante van 'n twintigjarige seun – wat verder bydra tot die onvoorspelbaarheid van wat gaan volg.
- Die volgende terugflits is Tertius se herinneringe aan 'n Kersfees in die verlede toe sy pa nog by hulle was. Hierdie terugflits skep vir die gehoor/leser 'n prentjie van 'n doodgelukkige gesin wat koekiedeeg eet en Ma praat op die foon en die TV wat in die agtergrond 'n Kersfeesfliek vertoon. Hierdie herinnering van Tertius se gelukkige kinderjare skep 'n misterie, omdat ons weet dit is nie meer die geval nie, maar ons weet nog nie hoekom nie.
- Nog 'n terugflits, waarop Elsa aandring, is "Die Valentynsdag saam met Karien." Hierdie toneel gee aan die leser/gehoor 'n lighartige en komiese blik op die spesiale verhouding tussen Elsa en Tertius en vertel die liefdesverhaal van Tertius en Karien. Dit versterk egter die onvoorspelbaarheid wanneer Tertius sê: "... Miskien is dit ook maar goed dat alles so vroeg moes eindig. Ek weet nie hoe die tweede bedryf hoegenaamd sou kon kers vashou by die eerste nie."

Magiese realisme:

- Elsa probeer vir haar verlies van haar enigste seun kompenseer deur hom op te roep en met hom te gesels oor gelukkiger tye. Die leser/gehoor weet aanvanklik (in die openingstoneel) nie dat Tertius nie werklik is nie. Dit is 'n groot bydraende faktor tot die besef dat ons, die lesers, onverhoeds betrap is en dat daar heel waarskynlik nog verrassings op ons wag.
- Wanneer Elsa in die openingstoneel vir Tertius vra waar hy die hele dag was, antwoord hy dat hy in Japan was – dit is hier reeds duidelik dat iets nie pluis is nie en daar iewers iets "onmoontlik" moes gebeur het.
- Die magiese word gedurende die eerste helfte van die drama 'n manier waarop Elsa ontsnap van die verskrikking van haar pyn (die werklikheid). Hierdeur word 'n alternatiewe realiteit (en spanning by uitstek) geskep wat weerspreek word deur die waarheid wat Brian in die tweede "bedryf" genoop word om te vertel.

Slot:

- Hoofpunte word saamgevat – **kom tot 'n eindbetoog**.
  Regdeur die drama word die temas van gedigte, die terugflitse van karakters en magiese elemente gebruik om 'n mistieke, onvoorspelbaarheid te skep.
  Leerder motiveer dan watter een van die drie elemente volgens hom/haar die grootste bydra gelewer het tot die spanningslyn.

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2 *Toekomsmens* deur Isa Konrad

LW: **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
- Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *Die roman Toekomsmens,* [onderstreep in handgeskrewe teks] *deur Isa Konrad ...*
- **Formuleer onderwerp:** ... *se voorblad moet dien as die openingsreël van die roman. Elemente soos Kunsmatige Intelligensie, ruimtes soos Duitsland of Namibië en temas soos mens teenoor masjien moet reeds op die voorblad vir die leser uitgebeeld word, sodat dit as prikkel van die intriges wat voorlê, kan dien.*
- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende aspekte word bespreek.
- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.

MENS TEENOOR MASJIEN

Die skeidslyn tussen mens en masjien word deurentyd in die roman bevraagteken, want Kel, op wie se menslikheid in die titel gewys word, kan op sekere maniere met 'n masjien vergelyk word, terwyl die meta, In-Grid, menslike eienskappe begin toon.

- Fisies het Kel sekere inplantings in sy liggaam, soos sy tussenvlak en sy identifikasie-inplanting in sy arm, asook verskeie toebehore wat hy kan dra, soos sy iCitizen-horlosie en sy SynScape-bril.
- Agnes beskryf hom as "halfmasjien".
- Kel word as te ware deur die Nuwe Orde "geprogrammeer". Hy word gekondisioneer om so gedissiplineerd en logies as moontlik te wees en om van sterk gevoelens ontslae te raak of hulle te onderdruk.
- In-Grid, die meta / robot / KI, het weer sekere "menslike " eienskappe, soos die feit dat sy kan dink, selfbewus is en haarself kan aanpas en selfs tekens van emosie begin toon.

BAKSTEENMUUR EN OGIESDRAAD: Dit dui op die fisiese, sowel as die emosionele grense wat gestel word.

- (Stadsmuur se beskrywing + sy ontsnapping na Namibië).
- Die regering monitor die bevolking onder meer deur middel van Oë. Kritiek teen die Nuwe Orde is verbode en elke volksgenoot is verplig om misstappe, kritiek en dislojaliteit aan die Waaksaamheidskomitee te rapporteer. Volksgenote doen diens aan die staat deur te gaan sit en kyk wat die Oë alles waarneem.
- Volksgenote mag nie aan ontspanning verslaaf raak nie en daarom word hul internetgebruik ook gemonitor en oormatige gebruik vir privaatdoeleindes kan tot afdanking lei.
- Fiksie word ook as verdag beskou.
- Vrywerkers en verledemense se sterwensplig is op 80 jaar en ander volksgenote se swerwensplig is op hul honderdste verjaarsdag.
- Kel word verplig om elke maand vier besoeke van 'n Pienk Kaart te ontvang.

IEB Copyright © 2025

SLEUTELGAT/LOERGAT NA DIE VERLEDE/TOEKOMS

Die roman gee die leser 'n "kykie" na die lewe in die 1940's in Duitsland en die vernietigende uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog (verlede), sowel as hoe die lewe moontlik in die toekoms (2050's) kan lyk.

Toekoms:
- 'n Digitale assistent beheer basiese aspekte van die woning, soos beligting en die sluit van deure.
- Virtuele ekskursies.
- Inplantings word gebruik om toegang tot die internet te verkry (tussenvlak).
- iCitizen-horlosie verwys na hoe tegnologie ingespan sal kan word om mense se gesondheid, emosies en alledaagse funksionering te monitor.
- Elektriese motors met selfstuur-funksie wat almal dieselfde lyk.
- Die natuur kan slegs in kweekhuise ervaar word.

Verlede:
- In 1939 val die weermag van Nazi-Duitsland Pole binne en ontketen die Tweede Wêreldoorlog.
- Die streng monitor van reisdokumente word uitgebeeld wanneer Agnes op die trein is en 'n Nazi-konstabel haar beveel om haar dokumente vir hom te wys.
- Kel let in Berlyn op hoe ernstig die treinstasie beskadig is a.g.v. die oorlog.
- Daar is 'n verwysing na die Tränenallee, die groot saal op die stasie waar mense boodskappe plaas vir mense na wie hulle soek.
- Die stand van die geboue en strate in Berlyn word beskryf, soos wanneer Agnes sukkel om haar pad na die Brechts te vind en amper in 'n enorme bomkrater val.
- Die sirenes wat loei om teen 'n lugaanval te waarsku en die honderde mense wat skielik skuiling soek en mekaar vertrap, gee die leser 'n boeiende beskrywing van die omstandighede van daardie tyd.

TITEL

Tipografie: *Toekoms* staan voor die ogiesdraad en *mens* is agter die ogiesdraad. Dit kan na die toekoms (wat voor jou lê) en die verlede (wat agter jou lê) verwys.

Die mens wat agter die ogiesdraad is, kan ook verwys na die afgeslote bestaan of lewe van gevangenisskap wat die mens in die hede van die roman voer.

Kleurskema: Die vlag van die nuwe Republiek bestaan uit swart en wit. Die swart en wit verteenwoordig die afwesigheid van grys (onsekerheid/onduidelikheid) in die staatsbeleid. Dit is die rede vir die skryf van *toekoms* in swart en wit en *mens* in skakerings van grys.

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word oor watter voorblad die effektiefste as "openingsreël" vir die roman dien.

OF

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 *Toekomsmens* deur Isa Konrad

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
- Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Isa Konrad se roman <u>Toekomsmens</u>* [onderstreep in handgeskrewe teks].
- **Formuleer onderwerp:** ... was Kel de Jongh, Agnes Baumer en Cokisa Maya tot 'n groot mate hul eie grootste vyand, maar al drie hierdie karakters het uiteindelik ook hul eie lot bepaal.

Paragrawe:
- Verskillende karakters word bespreek.
- Wat volg is slegs 'n voorstel van aspekte wat bespreek kan word.

Kel de Jongh:
- Kel se beperkte emosies, logiese denke en streng dissipline laat hom meer meganies as menslik leef en sodoende geen hegte verhoudings met enigiemand bou nie.
- Hy probeer om sy suster, Adri, 'n verledemens, rustig en kalm te hou deur haar ouderwetshede, soos 'n koffiemaker, warm beddegoed van outydse materiaal en 'n televisie toe te laat. Dit kos hom baie kredietpunte en navorsing en dit dra by tot sy gedurige wrewel teenoor haar, want haar weerstand teen vernuwing bedreig sy posisie in die staatsbestel. Hy hou ook sy werk 'n geheim van haar. Uiteindelik weier hy egter om haar aan die staat oor te lewer wanneer dit verpligtend word en bepaal hy haar en sý lot deur haar saam te neem wanneer hy landuit vlug.
- Hy het mettertyd aangewese geword op In-Grid – die meta – vir amper alle inligting waaroor hy beskik en wanneer haar selfvernietigingsmeganisme inskop en In-Grid "sterf", is hy verlore.
- Enige verwysing na Kel se emosieloosheid teenoor ander karakers en sy amper obsessiewe nakoming van reëls en regulasies kan hier as voorbeeld gebruik word, maar die kandidaat kan ook argumenteer dat Kel se skielike ommeswaai ná sy tydelike skorsing van hom sy eie grootste vyand gemaak het – die informasie wat hy skelm gaan aflaai en gestoor het, sowel as sy gereelde virtuele ekskursies na Agnes, alhoewel dit teen die reëls was.
- As gevolg van hierdie "wandade" het Kel uiteindelik sy eie lot bepaal, want hy het liefde ervaar en "mens" geword.
- Uiteindelik is die hele verloop van die roman 'n bewys dat Kel sy eie grootste vyand was EN dat hy uiteindelik sy eie lot bepaal het. Hier moet dus net seker gemaak word dat die kandidaat se argument en bewys georden en goed verwoord is.

Agnes Baumer:
- In 'n poging om haar broer, Gunther, te straf vir sy aandeel aan haar man se dood, gaan Agnes na Engeland waar sy as spioen opgelei word en uiteindelik onder die skuilnaam Elise Reinhardt as spioen werk. Sy leef in afsondering in 'n jagtershut in die woud.
- Ter wille van wraak, laat sy dus haar seuntjie in Suid-Wes agter en uiteindelik sien sy hom nooit weer nie omdat sy verraai word deur Blerta Brecht en die doodstraf kry.
- Sy is uiteindelik spyt dat sy haar seun deur haar wraakpogings van sy eie ma ontneem het.

IEB Copyright © 2025

- Wanneer Blerta in 'n gesprek vir Agnes daarvan beskuldig dat sy haar seun, Sami, afgeskryf het, reageer Agnes ontsteld en sê dat sy hom nie afgeskryf het nie, maar om sy ontwil Duitsland toe gekom het. Blerta glimlag en sê dan dat Agnes ter wille van haarsélf in Duitsland is en nie vir Sami nie. Mettertyd moet Agnes aan haarself erken dat dit die waarheid is – haar eie wraaksugtigheid het haar dom besluite laat neem.
- Sy stel haarself in lewensgevaar wanneer sy ondersoek instel en ontdek dat die kinders wat "sonderbehandlung" ondergaan, eintlik vermoor word.
- Uiteindelik word Agnes vasgevang in 'n masjien in die toekoms en alhoewel die slot van die roman die idee skep dat Agnes 'n "gelukkige einde" het wanneer sy haar en ook Sami se afstammelinge ontmoet, bly die feit staan dat sy 'n lewe sáám met hulle kon hê indien haar eie emosies en wraakgedrewe besluite nie die oorhand gekry het nie. Dus was Agnes die bepaler van haar eie lot.

Cokisa Maya:
- Haar rebelsheid maak haar haar eie grootste vyand.
- Wanneer die seremoniemeester by haar man, kollega Busuko, se begrafnis 'n oorsig oor sy roemryke lewe gee, onderbreek kollega Maya hom om te sê haar lewensvennoot is vermoor. Die soldate by kollega Maya hou haar styf vas omdat sy deur hulle gevange gehou word as gevolg van haar rebelse optrede. Sy word ook baie vinnig na afloop van die seremonie uit die saal verwyder.
- Sy dra haar oë natuurlik bruin, nie lasuurblou soos die meeste vroulike volksgenote (en soos die norm vereis) nie.
- Die Nuwe Orde se ongenaakbare benadering tot dissipline word uitgebeeld in hoe Cokisa Maya se lewe beïnvloed word deur haar verset teen norme. Op bladsy 218 erken sy aan Kel: "Moenie jammer wees nie. Dit is die beste ding wat met my kon gebeur het ná Thandiwe se dood. Die jare wat ek 'n regter onder die Nuwe Orde was, was selfverraad in die ergste vorm."

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- *Uiteindelik, deurdat Kel menslike lief en leed beleef, vind hy homself ook in die proses en besef hy dat diep menslike emosie ook die grootsheid van verlies vermeerder.*

OF

VRAAG 4 *Een of ander held* deur Zirk van den Berg

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
- Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *Die roman <u>Een of ander held</u>* [onderstreep in handgeskrewe teks] *deur Zirk van den Berg* ...
- **Formuleer onderwerp:** ... *se voorblad moet dien as die openingsreël van die roman. Ruimtes soos Duits Suidwes-Afrika en Duitsland, temas soos geld, die media, liefde en elemente soos geweld moet reeds op die voorblad vir die leser uitgebeeld word, sodat dit as prikkel van die intriges wat voorlê, kan dien.*

IEB Copyright © 2025

Paragrawe:
- Verskillende aspekte word bespreek.
- Elke paragraaf bespreek een van die aspekte op die voorblad en hoe dit in die roman uitgebeeld / gebruik word / dien as 'n tema – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.

(Opskrifte is slegs as verwysingsraamwerk vir nasieners.)

Hofsaak:
- Die roman begin met die groot moordverhoor. As polisieman staan Siegfried Bock op die vooraand om as held bevestig te word met die verhoor in Windhoek van die man wat Hans Stempsky, sy kameraad, vermoor het.
- Die verdedigende advokaat kry dit egter reg om die feite uit te wys dat Siegfried 'n man onregverdig skuldig wil laat bevind omdat juis hy skuldig aan twyfelagtige gedrag is.
- Wanneer Siegfried ná hierdie onsuksesvolle hofverhoor terugkeer na Hochnamib, besef hy dat die lewe nie net normaalweg kan aangaan nie. Die hofsaak wat uitgebeeld word op die voorblad, dien dus as die eksposisie van die roman.

Geweer en Duitse soldaathelm/Duitse vlag:
- Siegfried moet aan Herr Gerd Dehlinger en Oberleutnant Moritz Berhammer **bewys dat hy 'n ware soldaat vir die Duitse weermag is**.
- Verder is daar ook nog Jager Orlam wat op pad is om wraak te neem op Siegfried, omdat hy glo dat Siegfried verantwoordelik is vir sy leermeester, Alvaus Luipert, se dood.
- Wanneer Bock aan die einde van die roman uiteindelik gaan om Jager Orlam te ontmoet, doen hy dit **sonder 'n geweer, wat die leser laat besef dat** Siegfried Bock die mens wil laat seëvier en nie soseer 'n spesifieke groep en veral nie geweld nie.
- Gert Dehlinger hou niks daarvan dat Bock sy dogter wou troos toe haar verloofde sterf nie en hy v**ersoek dat Bock na die oorlogsveld gestuur moet word,** sodat hy nie meer by sy dogter kan kuier nie.
- Bock weet dat hy 'n **pion in die Duitse mag is**, en hy weet dat hulle die land heeltemal wil opeis. Ten spyte van Dehlinger en Berghammer se besoek aan hom in Hochnamib, om iets te kry om hom oor te stenig, is dit vir Bock belangriker om aan te hou om sy werk as polisieman te doen omdat hy geregtigheid wil laat geskied.
- Oberleutnant Berghammer was destyds Bock se **bevelvoerder in Duitsland** en het hom ook later weer in Suidwes-Afrika teëgekom (waarheen hy hom gestuur het). Hy word na die hofsaak as verteenwoordiger van die militêre gesag na Hochnamib gestuur om seker te maak dat Bock **nie meer die polisie daar mag verteenwoordig nie**.

Media:
- Die hoofberig in die *Windhuker Nachrichten* vewys na Bock se rol daarin om die vermeende moordenaar August Niedermeyer voor die gereg te daag. Bock het twee koerante gekoop – een het hy vir sy pa in Berlyn gestuur en die ander het hy, saam met die briewe wat hy geskryf het en nooit gepos het nie, gebêre. Hierdie reaksie op die koerantberig, wat hom as held beskryf, dui op sy hunkering daarna – regdeur die roman – dat mense met respek na hom sal kyk.
- Wanneer Bock in die hofsaal sit, kan hy al die koerantopskrifte in sy geestesoog sien: Hendrik Witbooi se dood wat die einde van die gewapende opstand teen die Duitse heerskappy inlui en ook August Niedermeyer se skuldigbevinding om wet en orde te laat seëvier – en daarin het Bock die grootste aandeel.
- Jager Orlam **sien in die koerant dat Bock as 'n held beskou word** – hy wil wraak gaan neem deur Bock te vermoor, omdat hy oortuig is dat Bock verantwoordelik is vir sy leermeester, Alvaus Luipert, se dood.

IEB Copyright © 2025

Tou:
- Jager Orlam het Dr. Pitzer se klere uitgetrek en hom op 'n tafel vasgebind, waarna Alvaus Luipert vernederende dinge met hom gedoen het en hulle hom toe daar gelos het. Dit is verteenwoordigend van die geweld wat nog sou plaasvind.
- Truidl Dehlinger het haarself opgehang in haar hotelkamer nadat sy die waarheid oor haar verloofde se dood uitgevind het.

Vrouefiguur:
- Lisbeth Kamke besluit **om Bock te ondersteun en by te staan** al word hy in die hofsaak daarvan beskuldig dat hy die oorsaak van haar man se dood is. Sy versorg hom ook na die Chaibis-stryd en is die een wat uiteindelik jaag om hom te gaan waarsku dat iemand (Jager Orlam) hom wil doodmaak. Sy verwys ook na hom as 'n ware "steunpilaar".
- Isa Viitanen en Siegfried het 'n opregte vriendskap ontwikkel en sy het vir hom 'n ware vertroueling geword. Uiteindelik kom Bock self tot die besef dat hy eers vrede met homself moet maak, voordat hy **vrede met Isa Viitanen en met die liefde kan maak omdat hy besef dat hy 'n sielsgenoot in haar gevind het**.
- Mesuvere is vir Bock 'n **vergestalting van vergewensgesindheid** wanneer sy hom versorg en hy haar vra hoe sy dit kan doen nadat sy mense haar mense doodgemaak het en sy vir hom sê dat sy baie woede gehad het, maar besluit het om die woestyn te verlaat sodat sy kan lewe.

Geld:
- Een van die motiewe wat Von Jawlensky aanvoer vir Bock se skuld aan Stempsky se moord, is geldgierigheid, omdat Stempsky al sy geld aan Bock bemaak het in sy testament.
- Bock bemaak wel 'n groot gedeelte van die geld aan o.a. Lisbeth en Stempsky se ma en die leser twyfel dus nie aan sy onskuld nie.

Alleenloper in die woestyn:
- Vroeg in die roman merk ons reeds op dat Siegfried Bock 'n alleenloper is met 'n diep begeerte dat mense hom sal respekteer.
- Pitzer noem ook, ná die hofsaak, aan Bock dat hulle albei eiesoortige mense is, omdat hulle nie met die bondel saamloop nie.
- Wanneer Bock die leser 'n blik op sy kinderdae gee, besef ons dat hy sonder 'n ma grootgeword het en dat die kinderoppasser hom versorg het.
- Die verhaal begin met Jager Orlam en hy kom voor as die tipiese tradisionele held – in kontras met hoe ons vir Siegfried Bock leerken. Orlam wil veg vir sy land en hy wil wraak neem vir sy leier en meester se dood. Hy wil sy mense se grond terugwen, sodat hulle self verantwoordelik is vir hul eie lewens. Hierdie juk neem hy op sy eie skouers en pak die tog alleen aan, soos dit 'n held betaam. Gaandeweg verander die verhaalkonteks en word hy al hoe meer skurkagtig en begin al hoe meer gewelddadig optree.

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word oor watter voorblad die effektiefste as "openingsreël" vir die roman dien.

OF

IEB Copyright © 2025

VRAAG 5 *Een of ander held* deur Zirk van den Berg

LW: **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
- Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Zirk van den Berg se roman Een of ander held* [onderstreep in handgeskrewe teks] ...
- **Formuleer onderwerp:** … word Siegfried Bock as 'n held uitgebeeld, deur middel van sy konflik met homself en ander karakters, soos Oberleutnant Berhammer, Gert Dehlinger en Jager Orlam.

Konflik met homself:
- Bock is sy eie grootste vyand. Kort na Niedermeyer onskuldig bevind is, lê Bock in sy bed en sien homself as iemand swak en kleinsielig en iemand wat nie respek waardig is nie. Hy weet dat hy kleiner as ander mans is, minder aantreklik en minder vaardig en dalk nie so slim soos sekeres nie. Maar uiteindelik **help dit hom in sy groei as karakter omdat hy vasbeslote is om altyd die beste te wees in alles wat hy aanpak**. **Hy kom ook uiteindelik self tot die besef dat hy eers vrede met homself moet maak, voordat hy vrede met Isa Viitanen en met die liefde kan maak.**

Konflik met Oberleutnant Berghammer:
- **Berghammer** was destyds Bock se bevelvoerder in Duitsland en het hom ook later weer in Suidwes-Afrika teëgekom (waarheen hy hom gestuur het). Berghammer het in beide gevalle onsmaaklike voorvalle/ongerymdhede beleef waarvoor hy Bock blameer. Hy word ná die hofsaak as verteenwoordiger van die militêre gesag na Hochnamib gestuur om seker te maak dat Bock nie meer die polisie daar mag verteenwoordig nie. Stauffacher (verteenwoordiger van die goewerment) sien Bock as 'n administratiewe probleem omdat hy nie die nodige militêre ervaring het om aan die Landespolizei te behoort nie en as gevolg van die hofgebeure die vertroue in die polisie en siviele administrasie negatief beïnvloed. Bock weet dat hy 'n pion in die Duitse mag is, en hy weet dat hulle die land geheel en al wil opeis. Ten spyte van Dehlinger en Berghammer se besoek aan hom in Hochnamib, om iets te kry om hom oor te stenig, is dit **vir Bock belangriker om aan te hou om sy werk as polisieman te doen omdat hy geregtigheid wil laat geskied**. Berghammer besef dat as Orlam vir Bock wil doodmaak, dit beteken dat Bock nie die soldate verraai het nie. Hy is dan verlig, omdat **hy reeds begin vermoed het dat Bock nie so 'n slegte mens is as wat hy gedink het nie**.

IEB Copyright © 2025

Konflik met Gert Dehlinger:

- Gert Dehlinger sou eintlik wou sien dat Niedermeyer as moordenaar skuldig bevind word, maar omdat Bock dan as 'n held beskou sou word, is hy bly dat die aanklag gefaal het. Dehlinger sien Bock as 'n swakkeling (het hom in Berlyn geken). Hy hou niks daarvan dat Bock sy dogter wou troos toe haar verloofde sterf nie en hy versoek dat Bock na die oorlogsveld gestuur moet word, sodat hy nie meer by sy dogter kan kuier nie. Uiteindelik is dit 'n gesprek met Dehlinger, wanneer hy vir Bock vertel van Traudl se dood en Bock hom om verskoning vra vir alles wat hy verkeerd gedoen het én hom ook bedank dat hy hom Hochnamib toe gestuur het, wat ons laat besef dat **Bock besig is om vrede in homself te vind.** Wanneer Dehlinger wakker word die laaste oggend in Hochnamib, besef hy dat Bock hom eintlik baie goed van sy taak kwyt by hierdie ver buitepos en **Dehlinger sê vir homself dat Bock dalk nie so sleg is nie**.

Konflik met Jager Orlam:

- Jager Orlam sien in die koerant dat Bock as 'n held beskou word – **hy wil wraak gaan neem deur Bock te vermoor**, omdat hy oortuig is dat Bock verantwoordelik is vir sy leermeester, Alvaus Luipert, se dood.
- Wanneer hy uiteindelik in Hochnamib arriveer en besef dat sy ouers nie meer daar is nie, is hy **nog meer gedetermineerd om Bock te laat boet**.
- Wanneer Bock uiteindelik gaan om Jager Orlam te ontmoet, doen hy dit sonder 'n geweer. Ons raak al hoe meer bewus van die feit dat Siegfried Bock die mens wil laat seëvier en nie soseer 'n spesifieke groep nie. **Bock besef dat hy Jager Orlam se slagoffer moet wees** (soos sy naam ook voorgee: Siegfried beteken "oorwinning en vrede" en Bock verwys moontlik daarna dat hy telkens as die sondebok uitgemaak word) **om sodoende te bewys dat elke individu in sy eie menswees belangrik is** en dat verskeie kulture in 'n land saam sal kan voortbestaan en dit maak hom 'n held!

Slot: Hoofpunte moet saamgevat word.

- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word oor of Siegfried Bock wel uiteindelik 'n ware held is.
- Uiteindelik, deur middel van hoe hy konflik met Dehlinger, Berghammer/Orlam en homself hanteer, kom die leser tot dieper insig oor die mens wat Siegfried Bock is en besef ons dat hy sy teenstander en die dood oop en bloot tegemoet sal gaan. Nie omdat hy meen dit sal hom uiteindelik 'n held maak nie, bloot omdat hy glo dit is wat 'n mens doen, een of ander man, in hierdie geval 'n medemenslike held.

IEB Copyright © 2025

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 6 NASIENRIGLYNE BY DIE SKRYF VAN 'N BLOG

'n Blog is 'n webjoernaal wat gereeld opgedateer word.
Die skrywer skep dus 'n "logboek" waarin hy/sy inligting met die lesers, m.a.w. besoekers aan sy/haar blog, deel.
Verskillende tipe blogs: bv. musiek- / sport- / sake- / nuusblog

- Blog se naam.
- Skrywer se naam.
- Datum.
- Opskrif.
- Spesifieke detail volgens vraag (blog is gerig op ouers van tieners).
- Die inleiding gee 'n duidelike aanduiding van waaroor die blog gaan.
- Die inhoud word in logiese, samehangende paragrawe verdeel.
- Die teikengroep moet in gedagte gehou word.
- Lesers moet oortuig word dat sosiale media ook vir hul kinders voordelig is.
- 'n Prikkelende opskrif moet verskaf word wat 'n aanduiding gee van die inhoud – wees skerp met woordspel, idioomverbuigings, alliterasie.

Styl en toon:
- Formeel, maar omdat die onderwerp sosiale media en tieners is, sal sekere meer informele terme, binne die korrekte konteks, aanvaar word.
- Die styl is gewoonlik informatief en skerpsinnig – 'n blog is tog uiteindelik iemand se sterk opinie oor die spesifieke onderwerp – kan stylfigure soos ironie, sarkasme, retoriese vrae, ens. om die skrywer se standpunt oortuigend oor te dra, bevat.

Voorbeeld:
- In ons moderne samelewing is skermtyd en sosiale media dikwels in die spervuur vir die negatiewe impak wat dit op tieners kan hê. Tog is dit belangrik om te besef dat daar ook vele voordele is wat gepaard gaan met die gebruik van tegnologie en sosiale media deur tieners.
- Een van die grootste voordele van skermtyd is die toegang tot inligting en die opvoedkundige bronne wat dit bied. Tieners kan maklik toegang kry tot nuttige inligting vir skoolprojekte en hul kennis verbreed deur die internet te gebruik as 'n hulpmiddel vir navorsing.
- Daarbenewens kan sosiale media 'n platform bied vir tieners om hul stem te laat hoor en hul idees en opinies met 'n wye gehoor te deel. Dit kan 'n positiewe invloed hê op hul selfbeeld en selfvertroue, en hul sosiale vaardighede versterk deur kommunikasie met verskillende mense regoor die wêreld.
- Daarom is dit belangrik vir ouers om 'n gebalanseerde benadering tot skermtyd en sosiale media te hê. Die sleutel is om 'n gesonde balans te handhaaf tussen die positiewe en negatiewe aspekte van tegnologiegebruik, deur byvoorbeeld limiete en riglyne te stel vir skermtyd en deur 'n oop kommunikasielyn met jou tiener te handhaaf.
- Alhoewel daar dus sekerlik risiko's verbonde is aan oormatige skermtyd en sosiale mediagebruik, is dit ook belangrik om die potensiële voordele en geleenthede te erken wat dit kan bied vir die ontwikkeling van jou tiener se vaardighede en selfbeeld.

IEB Copyright © 2025

VRAAG 7 NASIENRIGLYNE by HEILDRONK (KEUSEVRAAG)

Opskrif	**Wenke:**
Paragraaf 1: Inleiding: Onderwerp word ingelei. Die gehoor se aandag word getrek. Paragraaf 2 / 3 / 4: Staaltjies / feite / grappies. Slotparagraaf: 'n Treffende slot wat die gehoor aanmoedig om almal saam die paartjie te vereer (en dalk 'n glasie te klink). • *Die feite moet korrek wees. Dit is noodsaaklik dat goeie navorsing gedoen word oor die persoon/paartjie op wie die heildronk ingestel word.* • *Die inleiding moet só interessant wees dat dit die gehoor se aandag onmiddellik boei. Die openingsin is baie belangrik.* • *Die inhoud moet geskik wees.* • *Die inhoud moet georden en logies wees.* • *Daar moet 'n goue draad deur jou toespraak loop – dit moet nie net 'n sameflansing van 'n klomp feite oor die persone wees nie.* • *Die taal, styl en register moet by die gehoor en die onderwerp pas.* • *Maak gebruik van formele spreektaal.* • *Kort en kragtige sinne het trefkrag*. • *Koherensie (samehang) is baie belangrik*. • *Interessante voorbeelde, staaltjies, grappies en aanhalings maak die toespraak interessant*. • *Die slot moet 'n emosionele toon hê en die gehoor beveel om die persone te vereer, deur "saam 'n glasie te klink".*	• 'n Heildronk word ingestel om 'n spesifieke persoon of paartjie te vereer, om iemand geluk te wens of te bedank. • Die aanslag van jou toespraak is baie belangrik. • 'n Heildronk is dus 'n formele toespraak. • Heildronke word gewoonlik gelewer by troues, seremonies, partytjies, ens. • Die doel van 'n heildronk is gewoonlik om 'n persoon/paartjie spesiaal te laat voel, te vereer, te laat belangrik voel en om terselfdertyd die gehoor te **vermaak** of **na hul snesies te laat gryp**. • Sleutelkaartjies met die volgende opskrifte kan van hulp wees om die toespraak te lewer: Opskrif, aanspreekvorm (gewoonlik Geagte ...) en waardering, inleiding, liggaam, slot.

OF

VRAAG 8 NASIENRIGLYNE BY BEKENDSTELLING VAN SPREKER (KEUSEVRAAG)

Inhoud: Om aan 'n gehoor inligting oor 'n spreker/gas te gee.

- Gebruik die gegewe informasie/relevante inligting oor die spreker.
- Gebruik formele styl of register.
- Skep belangstelling en verwagting by die gehoor bv. deur die gehoor van relevante agtergrondinligting en prestasies te vertel.
- Sluit af met 'n sterk, samevattende slot.

Doel: Om die gehoor opgewonde te maak en agtergrondinligting te gee oor die persoon wat hulle gaan toespreek.

Toon en styl: Formeel, positief.

Koos du Plessis: Die meester van die liriek ========== *Koos is vereer vir sy bydrae tot die Afrikaanse musiek. En het hy dit nie verdien nie!* Daar was net een Koos du Plessis. Hy was, en is, seker die beste liedjieskrywer wat nóg die gul klank van Afrikaans met musiek laat saamvloei het ... ========== • *Prestasies/Hoogtepunte van opleiding en gemeenskapsbetrokkenheid word gegee.* • *Gebeurtenisse en staaltjies oor die persoon word gegee.* • *Vermy sentimentaliteit en eufemismes.* • *Interessante feite.* • *Die taal, styl en register is formeel.*	**Wenke:** • Die volgende inligting moet verskaf word, maar let op die **relevansie** van die detail volgens die spesifieke geleentheid: ✓ Naam en van, grootwordjare. ✓ Opleiding. wat hulle al bereik het (akademies). ✓ Familie (getroud? kinders?). ✓ Interessanthede / staaltjies / iets wat jy oor hulle gelees/gehoor het. ✓ Organiseer jou inligting samehangend. ✓ Effektiewe inleiding en slot.

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2025

DRAMA en ROMAN – Inhoudsmatriks: PUNT uit 20

INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal

Vlak	Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band	% EN PUNT
7+	JA! ALMAL MOET DIT LEES! 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. FANTASTIES!/UITSTAANDE!	90–100% 18–20
	Inleiding: skep grootse verwagtinge + ½ *Aanhalings/teksverwysings: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½* *Gevolgtrekking: stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½*	Bv. 18 + ½ + 0 + ½
7	JA! EK MOET HIERVAN ONTHOU! Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. WAARDIG/BAIE GOED	80–89% 16–17½
	Inleiding: skep afwagting + ½ *Aanhalings/teksverwysings: baie interessant en goed geïntegreer + ½* *Gevolgtrekking: toon dieper insig + ½*	
6	JA! EK STEM SAAM! Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. VERDIENSTELIK/GOED	70–79% 14–15½
	Inleiding: skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½ *Aanhalings/teksverwysings: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½* *Gevolgtrekking: stem tot nadenke + ½*	
5	JA. Onderwerp begryp. Bogemiddeld, maar sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van geleerde werk. GEWOON/TOON SUBSTANSIE	60–69% 12–13½
	Inleiding: kandidaat neem standpunt in + ½ *Aanhalings/teksverwysings: ondersteun standpunt + ½* *Gevolgtrekking: noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½*	
4	JA ... WAT. Inhoud korrek; dog oninspirerend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. GANGBAAR	50–59% 10–11½
	Inleiding: vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½ *Aanhalings/teksverwysings: raakpunte met standpunt aanwesig + ½* *Gevolgtrekking: gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½*	
3	MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE... Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. ONDERGEMIDDELD	40–49% 8–9½
	Inleiding: verwys wel na vraag + ½ *Aanhalings/teksverwysings: aanwesig + ½* *Gevolgtrekking: hoewel nie volgens respons nie, maar wel volgens vraag + ½*	
2	TELEURSTELLEND Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. ELEMENTÊR	30–39% 6–7½
	Inleiding: vraagwoorde genoem + ½ *Aanhalings/teksverwysings: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½* *Gevolgtrekking: daar is 'n waarneembare einde + ½*	
1	NEE! Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. ONGESLAAGD	15–29% 3½–5½
	Inleiding: waarneembaar + ½ *Aanhalings/teksverwysings: waarneembaar + ½* *Gevolgtrekking: waarneembaar + ½*	

IEB Copyright © 2025

DRAMA: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
TEGNIESE AKKURAATHEID **STYL en STRUKTUUR:** ***ARGUMENTEREND***	**7** Taalbeheer uitstekend. Woordeskat helder en gesofistikeerd. Lengte perfek. Byna foutloos.	**6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe. Uitdrukkingsvolle woordeskat. Lengte gepas. Netelige taalfoutjies.	5 Goeie sins-konstruksie. Goeie woordeskat. Lengte gepas. Min taalfoute.	**4** Sinskonstruksie redelik. Woordeskat geskik. Lengte kan pla. Taalfoute begin betekenis beïnvloed.	**3** Teenstrydige skryfwerk. Woordeskat voorspelbaar of vol clichés. Lengte pla. Taalfoute pla.	**2** Meestal onsinnig. Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief. Lengtevereiste is geïgnoreer. Herhaaldelike taalfoute.	1 Geheel en al onsinnig. Onverstaanbaar. Lengtevereiste is heeltemal geïgnoreer. Verwronge idioom.
A+ Argumenterende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	10	9½	9				
A Argumenterende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	9	8½	8	7½			
B Argumenterende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	7½	7	6½			
C Argumenterend, maar nie volgehou nie. Register gepas, maar nie deurgaans volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7	6½	6	5½	5		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		5½	5	4½	4	3½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.		4½	4	3½	3	2½	2
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.			3	2½	2	1½	1
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Register totaal onvanpas. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.			2	1½	1	½	0

IEB Copyright © 2025

ROMAN: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
TEGNIESE AKKURAATHEID **STYL en STRUKTUUR:** ***Literêr/beredenerend***	**7** Taalbeheer uitstekend. Woordeskat helder en gesofistikeerd. Lengte perfek. Byna foutloos.	**6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe. Uitdrukkingsvolle woordeskat. Lengte gepas. Netelige taalfoutjies.	5 Goeie sins-konstruksie. Goeie woordeskat. Lengte gepas. Min taalfoute.	**4** Sinskonstruksie redelik. Woordeskat geskik. Lengte kan pla. Taalfoute begin betekenis beïnvloed.	**3** Teenstrydige skryfwerk. Woordeskat voorspelbaar of vol clichés. Lengte pla. Taalfoute pla.	**2** Meestal onsinnig. Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief. Lengtevereiste is geïgnoreer. Herhaaldelike taalfoute.	1 Geheel en al onsinnig. Onverstaanbaar. Lengtevereiste is heeltemal geïgnoreer. Verwronge idioom.
A+ Literêr-akademiese styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	10	9½	9				
A Literêr-akademiese styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	9	8½	8	7½			
B Beredeneerde styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	7½	7	6½			
C Beredeneerend, maar nie volgehou nie. Register gepas, maar nie deurgaans volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7	6½	6	5½	5		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		5½	5	4½	4	3½	
E Beredeneerde styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.		4½	4	3½	3	2½	2
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.			3	2½	2	1½	1
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Register totaal onvanpas. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.			2	1½	1	½	0

IEB Copyright © 2025

TRANSAKSIONELE SKRYFWERK NASIENMATRIKS

TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + styl, formaat, taalgebruik, woordeskat en register = 10)

VLAK EN PUNT		TRANSAKSIONEEL: INHOUD, DOEL en TEIKENGROEP (10)
Vlak 7+ **Uitmuntend** **9,5–10**	★	**Inhoud** uitmuntend en volledig volgens opdrag. **Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend. Oorspronklike idees en pittige detail is uitstekend geïntegreer.
Vlak 7 **Baie goed** **8–9**		**Inhoud** baie goed en volledig volgens opdrag. **Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief en relevant. Interessante idees en detail dra by tot sukses van skryfstuk.
Vlak 6 **Goed** **7–7,5**		**Inhoud** gepas volgens opdrag. Relevant en volledig. **Doel en teikenleser** nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer. Detail interessant. Diepte kom effens kort.
Vlak 5 **Verdienstelik** **6–6,5**		**Inhoud** bevredigend volgens opdrag. Poging tot gepaste **doel** en inagneming van **teikenleser**. Af en toe steurende leemtes. Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons.
Vlak 4 **Gangbaar** **5–5,5**		**Inhoud**: Kandidaat toon begrip vir opdrag. Probeer **doel en teikenleser** in ag neem. Poging nie heeltemal geslaagd nie. Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid.
Vlak 3 **Ondergemiddeld** **4–4,5**		**Inhoud** eenvoudig en verbeeldingloos. **Doel**: Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste **teikenleser**. Afgesaag.
Vlak 2 **Elementêr** **3–3,5**		**Inhoud** kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie. **Doel**: Opdrag nie korrek uitgevoer nie. **Teikengroep** geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen. Kandidaat toon min insig in en kennis van opdragvereistes.
Vlak 1 **Ontoereikend** **0–2,5**		**Inhoud, doel en teikengroep** toon min/geen tekens van begrip van opdrag nie. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie. Kandidaat kan nie slaag nie.

IEB Copyright © 2025

TRANSAKSIONEEL: STYL, FORMAAT, TAALGEBRUIK, WOORDESKAT en REGISTER (10) ★ →								
	Styl uiters gepas, selfs innoverend. Formaat absoluut korrek. Hoogs gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register uitstekend gekies volgens opdrag.	Styl deurgaans gepas. Formaat korrek. Gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register baie goed gekies volgens opdrag.	Styl gepas volgens opdrag. Formaat hoofsaaklik korrek. Taalkonvensies goed gebruik. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek. Register en woordeskat goed hoewel enkele foute voorkom.	Styl toon begrip vir opdrag. Formaat meestal korrek. Taalkonvensies en sinsbou toon soms foute. Register en woordeskat toon foute, maar genoegsaam vir 'n gemiddelde respons.	Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie. Formaat toon steurende leemtes. Taal en sinsbou toon lastige foute (begin betekenis beïnvloed). Register en woordeskat gewoon en algemeen. Heelwat foute.	Styl en toon dikwels foutief. Formaat toon baie foute en/of meestal onvanpas. Taal-, spel- en sinsbou swak. Register en woordeskat dikwels onvanpas.	Styl en toon onvanpas. Formaat onvanpas. Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies. Ongeslaagd.	Styl en toon het geen verband met inhoud nie. Formaat heeltemal foutief. Geen begrip van korrekte taal- en/of register-konvensies nie. Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie.
VLAK EN PUNT	**Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10**	**Vlak 7 Baie goed 8–9**	**Vlak 6 Goed 7–7,5**	**Vlak 5 Verdienstelik 6–6,5**	**Vlak 4 Gangbaar 5–5,5**	**Vlak 3 Ondergemiddeld 4–4,5**	**Vlak 2 Elementêr 3–3,5**	**Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5**

Lengte: 250 woorde (let op dat **lengtevereiste** deurgaans geld as deel van **formaat en styl**). Indien lengtevereiste nie nagekom is nie, moet 'n **kategorieverskuiwing** gemaak word.

TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + styl, formaat, taalgebruik, woordeskat en register = 10)

IEB Copyright © 2025